

Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)



Biddag vir Dowes
2 September 2018

Geagte Dominee

Reeds sedert 1947 is die drie susterkerke betrokke by die opvoeding van kinders met 'n gestremtheid. U as ons belangrikste vennoot speel 'n deurslaggewende rol om te verseker dat ons **HOOP** gee, elke dag 'n **VERSKIL** maak en kinders **BEMAGTIG** om volwaardig deel van die samelewing te word.

TOIBO se hooffokus is om die minderbevoorregte kind te ondersteun. Dankie dat u dit sal oorweeg om 'n spesiale kollekte vir TOIBO te laat opneem op 9 September. Ons gee graag hier inligting oor elke skool wat deur ons ondersteun word.

Transoranje-skool vir Dowes: Hierdie skool gee onderrig aan ongeveer 200 leerders met doofheid, vanaf drie jaar tot skoolverlatersouderdom. Ongeveer die helfte is koshuisgangers, en twee derdes kom uit behoeftige omstandighede.

Die kind met doofheid het 'n groot taalagterstand en kan net 'n geëndosseerde matriek behaal (vyf vakke). Die kinders word ook ander vaardighede geleer, soos haarkappery, motorwerktuigkunde en houtwerk, om hulle voor te berei vir die arbeidsmark. Die skool beskik ook oor 'n volledig toegeruste bakkerij.

Prinshofskool vir Gesiggestremdes: Onderrig word van graad R tot graad 12 in Afrikaans en Engels aangebied. Van die 428 leerders word 215 in die sewe koshuise op die terrein gehuisves. Daar is ongeveer 250 swaksiende (grootdruk en monitors) en 178 blinde (braille) leerders. Uitstekende akademiese prestasies word elke jaar gelewer. Die leerders volg die hoofstroomkurrikulum. Dié metodes van onderrig is baie duur – veral aan die kind met blindheid. Die koste van 'n brailleur beloop R13 000 en elke kind moet een by die skool en verkieslik een tuis hê. Baie ouers kan nie die groot uitgawe bybring nie.

Sonitusskool vir Gehoorgestremdes: Benewens die leerders met 'n gehoorgestremtheid, word kinders met spesifieke leerprobleme ook onderrig. Die leerders volg die hoofstroomkurrikulum. Die skool beskik oor 'n vaardigheidsafdeling vir leerders wat akademies sukkel. Baie van die leerders kom uit minderbevoorregte omstandighede en kinderhuise en kan nie hul finansiële verpligtinge nakom nie. Dit plaas groot druk op die skool se begroting.

Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremtheid: Die skool akkommodeer leerders wat aan epilepsie ly en/of ernstige leerprobleme ondervind. Die hoofstroomkurrikulum word gevolg deur mediums van Afrikaans en Engels van graad 1 tot graad 12. Individuele gespesialiseerde onderrig, arbeidsterapie, spraakterapie en remediërende lesse word aangebied.

Hoërskool Martie du Plessis: Die skool is die bronsentrum in die Vrystaat vir leerders met **serebrale, fisieke en spesifieke leergestremdhede**. Die hoofstroomkurrikulum word gevolg van graad R tot graad 12. 'n Volle multiprofessionele span (wat ook medici op 'n sessiebasis insluit) ondersteun die leerders. Hierdie skool het die grootste getal leerders, naamlik 518. Die skool lewer jaarliks uitstekende akademiese prestasies.

"Success is the sum of small efforts, repeated day in and day out."

~ Robert Collier

Dankie vir 71 jaar se OMGEE saam met ons.

Tot ons weer gesels

Arina Jooste

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEMAPTE

DS FRANCOIS ESTERHUIZEN
VOORSITTER